

Redaksioneel

Aan die einde van 2002 het prof. Fika Janse van Rensburg die tuig as redakteur van *In die Skriflig* neergelê. Hierdie uitgawe word ingelei deur 'n kort waarderingswoord. Dankie aan Fika dat hy *In die Skriflig* uitgebou het tot 'n tydskrif om op trots te wees.

Prof. H.F. (Herrie) van Rooy, wat sedert 1989 op die redaksie van *In die Skriflig* gedien het, het ook aan die einde van 2002 uitgetree. Ook aan hom 'n woord van dank vir die kundige insette wat hy oor baie jare gelewer het. Saam met Fika was hy ten nouste gemoeid met die akkreditering van die tydskrif.

By die jaarvergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging later vanjaar word 'n nuwe redakteur vir *In die Skriflig* verkies. Ek is gevra om as waarnemende redakteur op te tree vir ten minste die eerste twee uitgawes – 'n taak wat ek met graagte verrig.

Die artikels en resensies in hierdie uitgawe en sommige in die volgende uitgawe, dra nog die stempel van prof. Janse van Rensburg se redakteurskap, aangesien dié artikels nog onder sy leiding die keuringsproses deurloop het en hy ook gemoeid was met die aanvra van die resensies.

Paul Krüger

Waarnemende redakteur: *In die Skriflig*

